

Gereformeerde Kerk Bellville – 28 Januarie 2018 – Oggend

Sing vooraf staande: Psalm 18:11, 12 (p. 75)

- 11 Sy ordening, dié was voor my, / ek het sy woord getrou gebly.
Ek was opreg van hart voor Hom / en wou op onregspad nie kom;
sodat die HEER, sy trou tot prys, / en na die reinheid van my hand,
sy woord gegee het as my pand / en my my reg het toegewys.
- 12 Barmhartig, vol van derenis, is U vir wie barmhartig is;
en wie opreg is, U sal hom / ook met opregtheid teëkom.
By hul wat reinheid rein bemin, / hou U, die Heil'ge, U ook rein;
maar vir wie leef in valse skyn, / is U ook self verkeerd van sin.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 105:1, 2 (p. 514)

- 1 Loof, loof die HEER van alle here! / Verhoog sy Naam en gee Hom ere,
en bring sover daar volke is, / sy dae in gedagtenis;
en spreek met aandag en ontsag / van al sy wonders, dag aan dag.
- 2 Laat almal juig met blye galme; / sing voor die HEER jul vreugdepsalme;
beroem jul in sy heil'ge Naam, / Laat almal wat Hom soek, nou saam
hul hart verenig tot sy eer / en hul verlustig in die HEER.

Geloofsbelydenis: Nicea

Wet

Psalm 25:2, 6 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 6 Wie's die man wat hier benede / in Gods vrees sy weg wil gaan?
God sal self sy wank'le skrede / voortlei in die regte baan.
Al wat goed is, sal Gods hand / hom in stilheid laat verwerwe;
en die lank beloofde land / sal sy nageslag beërwe.

Gebed

Psalm 24:2, 3 (p. 111)

- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heilighede? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.
- 3 Geregtigheid daal op hom neer; / 'n seën verkry hy van die HEER,
wat stil Hom volg op al sy skrede. / Dit is die ware Israel,
die volk wat vra na Gods bestel, / en wat Hom soek in hul gebede.

Skriflesing: Matteus 5:1-12; 23:23-28

Kernverse: Matteus 5:8

Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.
(Matteus 5:8 AFR53)

Tema: As jy rein van hart is, het Jesus alleenseggenkap oor jou hart

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, elkeen van ons wil graag hê dat ander mense eerlik en opreg teenoor ons moet wees. Hulle woorde en hulle daade moet eerlik en opreg wees. Ons wil nie graag hê dat hulle met verskuilde agendas na ons toe kom nie. Ons wil seker wees dat hulle bedoel wat hulle sê en doen, en hulle doen en sê dit nie met enige ander motief nie. En dit is ook reg dat ons van ander mense verwag om opreg en eerlik met ons te wees.

Maar nou het ons almal, groot en klein, al agtergekom dat alle mense nie eerlik en opreg met 'n mens is nie. Die geknoei waarmee mense soms besig is om hulle eie punt te maak of hulle eie voordeel te kry, ken geen perke nie. En dan knoei hulle ook nog met 'n vroom gesiggie waarmee hulle jou heeltemal oortuig dat hulle kamtig bedoel wat hulle doen of sê. Dit is miskien eers later dat jy agterkom dat jy ondergrawe is en die knoeiers het met die volle voordeel weggestap.

Dit is egter nou maklik om heeldyd ander mense as knoeiers uit te wys, veral as jy skade deur hulle oneerlikheid gely het. Ons sê vinnig ander mense is oneerlik of kom met 'n verskuilde agenda na ons toe dat ons vergeet om ook na onself te kyk. Met hierdie woorde in ons kernvers roep Jesus elkeen van ons ook tot verantwoording: **Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.**

Wanneer ons hoor dat Jesus ons almal tot verantwoording roep met hierdie woorde, wil ons dadelik weet wat bedoel Jesus met *rein van hart*. Ons weet tog dat daar nie so iets is soos 'n rein mens nie, want daar kan nie 'n reine uit 'n onreine voortkom nie, sê Job in sy worsteling met sy vriende oor sy droewige lewe. Daar is ook nie een mens wat uit sy eie uit rein kan word nie. Ons bely dan dat ons van nature geneig is tot alle kwaad en nie in staat is om iets goeds te doen nie. En op grond hiervan wil ons sommer dadelik sê, maar dan bedoel Jesus seker iets anders soos die volgende: salig is die wie se hart gereinig is, want hulle sal God sien.

Met so 'n verstaan van Jesus woorde voel ons 'n bietjie gemakliker. Dit is immers gereformeerd om so te sê, want ons hart word tog net met Jesus se kosbare bloed gereinig. Sê Jesus dan nie self ook dat Hy die weg en die waarheid en die lewe is en niemand kom by die Vader behalwe deur Hom nie. Dus, ons sal God alleenlik kan sien, as Jesus ons hart met sy bloed en Gees gereinig het. En ons het mos die ware geloof: ons weet verseker en het die vaste vertrouwe dat Jesus ook vir ons aan die kruis gesterf het. Ons is gereinig met die bloed en Gees van Christus, so, ons sal God sien. Amen.

Wag so 'n bietjie, broer, suster en kind, so maklik kan dit tog nie gaan nie. Ons kan mos nie die woorde van Jesus waarmee ons ongemaklik voel vir onself gemaklik maak deur dit met ander woorde van God onskadelik stel nie. Dit is immers wat ons doen as ons redeneer soos hierbo. Ons breek die skerp punt van Jesus se woorde af omdat ons self wil sê wat Jesus bedoel het. Jesus het nou eenmaal nie gesê: salig is die wat gereinig is, nie, maar **salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.** Wat die Here saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

Ons is inderdaad van nature onrein, vol boosheid en geneig tot alle kwaad, maar die Here sê: **salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien**. Mag die Heilige Gees ons leer wat Jesus regtig bedoel met hierdie woorde.

Hoe lyk my en jou hart? Is dit 'n stal of 'n tempel, onrein of rein? 'n Tempel is rein wanneer daar net plek vir die lewende God is. Dit is immers hoekom God mense van hulle sonde en die heerskappy van die Satan verlos. Hy wil alleen heerskappy voer in die lewe van verlose mense. En hierdie heerskappy begin by die hart van die verlose mens, want die hart is die bron waaruit alles kom wat ons dink, doen en sê.

As Jesus van rein mense praat, bedoel Hy nie dat hulle sondelose mense is nie, hoewel rein mense daarna streef om sondeloos te wees. In sy laaste onderrig aan sy dissipels voordat Hy gekruisig is, leer Jesus ons iets van rein wees. In Johannes 15:3 staan daar geskryf:

Julle is alreeds rein deur die woorde wat Ek tot julle gespreek het. Bly in My, soos Ek in julle. (Johannes 15:3 AFR)

'n Rein mens is dus iemand wat aan die gesaghebbende Woord van Jesus vashou, homself daaraan onderwerp, dit bewaar en daarin bly. Om aan Jesus se woorde vas te hou en daar-aan getrou te bly, is gelyk daaraan om in Christus te bly en Christus in jou. Die burger in God se Koninkryk het net een begeerte, naamlik dat Jesus met sy Gees en Woord alleen-seggenskap in sy lewe sal hê. Laat Christus maar alleen regeer en help. Laat my hart net plek hê vir Jesus. Dit is rein van hart wees.

Ons hart is egter 'n stal en onrein wanneer allerhande sorge en kommer ons hele hart in beslag geneem het sodat daar geen plek vir ons hemelse Vader meer is nie. Wanneer verdriet oor jou sonde, ontnugtering oor die optrede van mense en bitterheid jou lewe begin beheers, het hierdie dinge reeds jou hart geheel en al beset. En dit is so erg dat Jesus Christus dan nie eers meer 'n geleentheid kry om verlossend, vertroostend en reinigend besig te wees in ons nood nie. As Jesus sy koninklike heerskappy demonstreer, jaag hy die roubeklaers uit, want Hy soek ook in die treurende hart 'n plek. Wie Jesus toelaat om die verdriet te verdryf, word rein omdat die stal 'n tempel word gevul met die heerlikheid van God.

Maar ook 'n hart vol vreugde wat van die een plesiertjie na die volgende huppel, kan 'n stal wees. Oppervlakkige, wêreldse blydschap waarna soveel mense in hierdie wêreld hunker, is meestal ook 'n klomp rommel wat die kamers van die hart volprop. Met hierdie oppervlakkige vreugde verdoesel die mens sy werklike gemis aan ware vreugde en blydschap. Maar blind as gevolg van hierdie vlugtige vreugde sien die mens nie raak dat Jesus nie as Koning in sy hart optree nie. Die buitenste glans van blydschap verblind sy oë so dat hy nie kan sien sy hart is onrein nie.

Geliefdes, wanneer Jesus sê dat die mense wat rein van hart salig is, praat Hy van mense wat godsdienstig rein is. Dit wil sê, wanneer die koninklike heerskappy van Jesus Christus in jou hart heers en jy God as die enigste God en Here erken, is jy godsdienstig rein. Eers daarna kan 'n mens waarlik rein wees in jou handeling met ander mense.

Wie egter eers rein wil wees in sy handeling met ander mense en dan so godsdienstig rein wil word of wil voorgee dat hy godsdienstig rein is, het 'n gesplete geaardheid. Hy huigel. Dit wil sê, hy hink op twee gedagtes, want hy is dubbelhartig. 'n Mens kan nie burger van twee koninkryke gelyktydig wees nie. Jou eie koninkryk kan nie langs die koninkryk van God bly voortbestaan nie. Uiteindelik sal jy in jouself verdeeld raak.

Vir die mens wat sy eie koninkryk naas die koninkryk van God in stand hou, vind dit soms baie nuttig om rekening met God te hou, maar dan net omdat dit vir hom voordelig is en nie omdat God God is nie. Wanneer die nood hoog is, vind so 'n mens dit maklik om op sy knieë neer te sak en God vurig in gebed aan te roep, want God kan mos help. God is dan almagtig. Wie God net vir 'n spaarwiel gebruik, dien God net vir sy eie voordeel. In tye van voorspoed dink so 'n mens mos hy is in staat om met sy eie wiele oor die weg te kom en daarom hou hy die meeste van die tyd net rekening met homself en ander mense. Geliefdes, so 'n mens dien die Here met onsuiwer bedoelings. Hy is godsdienstig onrein, want in voorspoed voer hy alleen heerskappy oor sy lewe. Dit is net in tye van nood wat God darem vir 'n kort rukkie in sy lewe mag regeer. So 'n godsdienstige geknoei lei ongetwyfeld tot onreine optredes teenoor mense.

Dit bring ons by die Fariseërs en hulle godsdienstige handeling. In Matteus 23 ontkom nie eers een optrede van die Fariseërs aan die toorn van Jesus nie. Elke ding wat hulle doen: hulle onderrig in die wet, hulle evangelisasiewerk, hulle tiendes wat hulle gee, hulle erns met 'n rein lewe, hulle gebede, ja, alles wat hulle doen, kom onder die hamerslae van God se oordele. Waarom, wil 'n mens vra, dit is tog alles benydenswaardige dinge wat hulle doen? Waarom is Jesus so heftig teenoor die Fariseërs? Omdat al hierdie dinge formeel korrek gedoen word, maar sonder die regte gesindheid. Uiterlik is hulle silwerskoon, rein, maar binne in hulle harte is dit vol rommel, doodsbeendere.

Hulle gee tot tiendes van kruie, wat nie eers nodig was nie, sodat die mense hulle moet raaksien, maar van barmhartigheid en regverdigheid is daar nie sprake by hulle nie. Hulle gaan gal af oor die klein dingetjies wat verkeerd gedoen word, die muggie skep hulle uit, maar die kameel sluk hulle in, vir die growwe skandes is hulle siende blind. Hierdie onreine Fariseërs kon God nie sien nie, daarom het hulle God nie in Jesus Christus opgemerk nie.

Vir die Fariseërs het dit bloot gegaan oor die uiterlike reinheid. Alles moet honderd persent reg gedoen word volgens die wet, maar die innerlike heerskappy van God kon maar eenkant toe geskuif word. Daarom het hulle so te kere gegaan toe Jesus en sy dissipels nie hulle hande gewas het voordat hulle geëet het nie en ook toe die dissipels op die sabbat koringare uitgerol het toe hulle honger was. Tussen woord en daad, tussen hart en daad en tussen leer en lewe is daar 'n gesplete geaardheid. Wat hulle sê, doen hulle nie eers self nie.

En wie van ons is vry van hierdie onreine handeling, geliefdes? Ons kan ook ywer vir die eer van die Here, soos die Fariseërs gedoen het, maar intussen is dit net om ons eie eer te vergroot. Ons kom vurig op vir die waarheid in huisbesoek of in vergaderings, terwyl dit eerder gaan oor ons eie magsposisie of ons kerklike magsposisie. Ons kan formeel strenge kampvegters wees vir die gesag van God se Woord, terwyl ons self lewe asof God geen woord gespreek het oor ons lewe nie. Ons kan lewe asof ons spaarsamig is, terwyl dit eintlik gierigheid is. Ons kan hoog en laag beweer dat ons geen tyd het vir evangelisasiewerk of jeugwerk het nie, terwyl dit in werklikheid gaan oor gemaksug en gebrek aan liefde. Broers, susters en kinders, dit alles is godsdienstige onreinheid en uiteindelik word ons onrein teen-oor mense in ons optrede. Ons werk en praat met verskuilde agendas, terwyl ons voorgee dat ons eerlik en opreg is teenoor die Here en ons naaste.

Nou kan ons vra: is daar dan geen verskil tussen die Fariseërs en die ware burgers van God se koninkryk nie? Maak die Here dan geen onderskeid tussen Christene en die Fariseërs nie? Val ons dan onder dieselfde oordeel as die ander wanneer Paulus sê:

Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdadig jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge? Ons is gou-gou woedend wanneer ander mense oneerlik teenoor ons optree, maar ons kan tog op so 'n verfynde manier oneerlik wees.

En tog spreek Jesus dié wat rein van hart is salig. En die mense met wie Jesus in die saligsprekings praat, is gewone mense soos ek en jy – sondaars. Daarom sê ons weer, rein beteken nie om sondeloos te wees nie. Dit beteken ook nie dat 'n mens geheel en al heilig is en sonder maskers nie. Dit wil ook nie sê dat ons nie steeds worstel met dade wat ons woorde weerspreek, of 'n lewe wat die Christelike leer ondermyn nie.

Is daar 'n verskil tussen Christene en die Fariseërs? Ja, inderdaad. Toe Jesus die Fariseërs se oneerlike en onrein lewe ontmasker het, het hulle rasend van woede geword. Hulle het hulleself teen God verhard en Jesus se dood gesoek in plaas daarvan om die dood van hulle eie sondige natuur te soek. Hulle het die skuld op Jesus geplaas in plaas van om hulle skuld te aanvaar en te erken.

Die ware gelowiges, die burgers van God se koninkryk, soek die skuld egter by hulleself. In ootmoed buig hulle voor die Here neer en bely in skaamte hulle skuld. Hulle worstel voortdurend om die ou mens in hulle af te sterf en verlang daarna om geheel en al nuwe mense te wees. Juis omdat die ware gelowige sy eie skuld erken en bely, hou hy daar en dan op om soos 'n Fariseër te wees. Wie sy onreinheid teenoor God en mense betreur, is rein. Wie dit doen, verlang dat Jesus Christus alleen as Koning in sy hart en lewe sal wees, sodat die stal 'n tempel kan word.

Maar hoekom wil die burgers van God se koninkryk dat Christus alleen Koning moet wees in hulle harte en lewens? Hoekom verlang die ware gelowiges om met die snoeiskêr van God se Woord gereinig te word, al protesteer hulle ou mens? Omdat Jesus Christus Homself oorgegee het aan die kruisdood om sy bruid met water en die woord te reinig, sodat Hy haar in volle heerlijkheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergelyks, heilig en on-berispelik. Hy het hulle gereinig om rein te wees en geheilig om heilig te wees.

Verdraai ons dan nou weer dit wat Jesus hier in Matteus sê? Nee, allermens. Ons kan nie ons rein van hart wees losmaak van Christus se reinigingswerk aan die kruis op Golgota nie. Dieselfde Jesus wat sy mond geopen het op die berg en sy dissipels salig gespreek het, het Homself op die berg Golgota as rein offer oorgegee vir sy onderdane. Hy het hulle gereinig sodat hulle rein kan wees. En deur die kragtige werk van die Heilige Gees wat hulle gewillig en bereid maak om vir die Here te lewe, wil hulle ook rein wees. Hulle verlang daarna dat Jesus Christus alleen in hulle hart sal wees, want hulle het God in Jesus herken. En deur die geloof sien hulle God steeds.

Geliefde broers, suster en kind, ons bely dat ons met die bloed van Christus gereinig is van al ons sondes en van die mag van die sonde. Ons glo dat ons die Heilige Gees het wat ons verseker dat ons kinders van God is. Laat ons daarom volhard om ook rein te wees, soos Christus ons oproep, want ons sal God in sy heerlijkheid sien.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 86:2, 6 (p. 431)

2 Wie is tog, soos U, weldadig? / Wees my dan, o HEER, genadig,

want my roepstem en geklag / klim tot U die ganse dag.
Hoor my in my sielsverlange; / gee my vreugde en vreugdesange;
want ek hef my hart en oog, / troue God, tot U omhoog.

- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Katkisasieopening

Skrifberyming 14-2

Al sou dan ook die vyeboom nie bot nie, / al sou die wingerd sonder druiwe staan;
die graan verdor, die vrugteboorde wegkwyn, / die beeste, kleinvee, alles hier vergaan –
nóg sal ek juig en bly wees in my God! / Hy is my hulp, Hy gee my krag.
Hy laat my loop waar rats die ribbok gaan; / Hy laat my vas en veilig staan!

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
28 Januarie 2018